

## GRADE EN DIPLOMAS TOEGEKEN


a) Voorgraads en nagraads




b) Grade (en diplomas) toegeken aan bruin, swart en Indiër-studente




c) Magister- en doktorsgrade toegeken





## SAMESTELLING VAN PERMANENTE PERSONEEL (2012)


| | |
|---|---|
| Akademies (onderrig en navorsing) | 915 |
| Nie-akademies (steundienste en tegniese personeel) | 1 782 |
| Dienswerkers | 237 |

## NAVORSINGSUITSETTE

Hoeveelheid narvorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting geëvalueer is.




## TOTALE INKOMSTE




## BEHEERSTRUKTUUR

Die Wet op Hoër Onderwys, 1997, § 27(1), bepaal dat die raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys as beherende liggaam van die instelling funksioneer. Die Universiteit Stellenbosch se Raad bestaan uit 30 lede, genomineer deur interne en eksterne belangegroepe.

## KONTAKBESONDERHEDE

Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1, 7602 Matieland,
Suid-Afrika

Navrae
Tel: +27 21 808-4977
Faks: +27 21 808-3800
epos: webinfo@sun.ac.za

Alumnikantoor
Tel: + 27 21 808-2948
epos: alumni@sun.ac.za

Ontwikkelingskantoor
Tel: + 27 21 808-4645
epos: ontwikkeling@sun.ac.za

www.sun.ac.za | www.diehoopprojek.co.za

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# FEITE EN STATISTIEK



UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
HOOP PROJEK

## LIGGING

Die Universiteit Stellenbosch (US), een van 23 tersiêre instellings in Suid-afrika, lê in die hart van die Kaapse Wynland. Die dorp Stellenbosch is 50 km buite Kaapstad en 30 km vanaf die Kaapstad Internasionale Lughawe.

## DIE HOOP PROJEK

Die US word erken as een van die top navorsingsinstellings in Afrika en lewer die afgelope 3 jaar die meeste wetenskaplike publikasies per akademiese personeellid in die land. In 2012 het die US vir die tweede agtereenvolgende jaar twee wêreldranglyste vir universiteite gehaal. Die US rig sy leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie volgens 5 temas waar hy die grootste bydrae kan lewer tot nasionale en internasionale ontwikkelingdoelwitte: die uitwissing van armoede; die bevordering van menswaardigheid en gesondheid; die bevordering van demokraise en menseregte; die bevordering van vrede en veiligheid; en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende industrie.

Deur uitenemende en relevante onderrig, navorsing en voorlopertegnologie ontsluit en deel die US nuwe kennis, en as bouers van hoop op die vasteland word sy bewese akademiese kundigheid tot diens gestel van die mens en die samelewing. Hierdie wetenskap-vir-'n-beter-wêreld benadering is die dryfveer agter die HOOP Projek. .

www.diehoopprojek.co.za

## GESKIEDENIS

Hoër onderwys het in 1859 op Stellenbosch begin, maar die Universiteit Stellenbosch het deur 'n proses van evolusie uit verskeie instellings ontwikkel. Die volgende jaartalle verteenwoordig mylpale in die Universiteit se geskiedenis.

**1859:** Stigting van die Teologiese Seminarium van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

**1866:** Stigting van die Stellenbosch Gimnasium, geïnspireer deur die Teologiese Seminarium.

**1881:** Die Arts Department van die Gimnasium ontwikkel tot die Stellenbosch College, en word vervolgens die Victoria College van Stellenbosch in 1887.


**1918:** Die US kom amptelik tot stand toe die Victoria College 'n onafhanklike universiteit word danksy 'n skenking van 'n plaaslike weldoener Jan Marais.

## KAMPUSSE


Studentetal op die verskillende kampusse (2012):

| | |
|---|---|
| **Stellenbosch** (hoofkampus – 8 fakulteite) | 21 726 |
| **Tygerberg** (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) | 3 861 |
| **Bellvillepark** (Nagraadse Bestuurskool en Skool vir Publieke Leierskap) | 1 519 |
| **Saldanha** (Fakulteit Krygskunde) | 424 |
| **Elsenburg** (deel van AgriWetenskappe) | 293 |

## STUDENTETAL (PER JAAR)





## STUDENTETAL PER FAKULTEIT (2012)




## PROFIEL VAN DIE STUDENTEGEMEENSKAP

**a) Toename in die aantal bruin, swart en Indiër-studente**




**b) Belangrike studentestatistiek (2012)**

| | |
|---|---|
| Totale aantal studente | 27 823 |
| Nagraads | 9 853 |
| Magisterstudente | 4 982 |
| Doktorale studente | 1 236 |
| Mans | 13 711 |
| Vroue | 14 112 |

**c) Studente in universiteitshuisvesting (2012)** .................... 6 915

**d) Internasionale studente (sonder SA burgerskap)**

